Hoërskool Tuine

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
e - pos: admin@hstuine.co.za
www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

25 Mei 2022

OMSENDSKRYWE NO 9 VAN 2022

Geagte Ouers/voogde

Met die eksamen wat nader gee ons aan u die volgende reëlings deur. Die skryf van die vraestelle is **VERPLIGTEND** en **geen uitsondering** sal gemaak word indien 'n leerder nie opdaag nie. Indien 'n leerder nie beskikbaar is om 'n vraestel op die vasgestelde datum te skryf nie, is die inhandiging van 'n **mediese sertifikaat** verpligtend. **Geen** vraestel kan voor die tyd geskryf word nie.

INDIEN 'N LEERDER AFWESIG IS TYDENS 'N VRAESTEL SONDER BOGENOEMDE GELDIGE REDES, SAL DIE LEERDER NUL KRY en dit kan veroorsaak dat die vak, of selfs die graad gedruip word. GEEN UITSONDERINGS SAL IN HIERDIE VERBAND GEMAAK WORD NIE.

Leerders het reeds hul afbakening ontvang om effektiewe voorbereiding te verseker. Ons is ook in 'n tyd waar ***beurtkrag*** deel vorm van ons lewe – ons vra dus dat u seker maak dat u kind effektief voorberei gedurende die dag.

REËLINGS VIR DIE KOMENDE EKSAMEN:
Die eksamen begin op Vrydag, 27 Mei 2022 en eindig op 24 Junie 2022.

Sessies:

a) **EKSAMENTYE**
Graad 8 – 9: ***(Die leerders skryf in die lokale soos aangedui).***
Eerste sessie: Die sessie begin om 07:30. Die leerders MOET leerwerk saambring want dit is 'n studieklas.
Pouse: 08:50-09:10
Tweede sessie: Die sessie begin om 09:10 en strek vir die duur van die vraestel.
Leerders skryf die laaste deel van die sessie m.a.w. tot 11:00.
LET WEL: Indien 'n leerder nie reeds om 07:30 aanmeld nie, sal die leerder afwesig gemerk word – hetsy of die leerder laat is of afwesig is. Die reëling rakende afwesighede gedurende die eksamen sal dan toegepas word.

b) **Graad 10 – 11:** ***(Die leerders skryf in die lokale soos aangedui).***
Eerste sessie: Die sessie begin om 07:30. Die leerders begin dadelik skryf en verdaag na die duur van die vraestel.
Tweede sessie: Die sessie begin om 11:15 en strek vir die duur van die vraestel.

c) **Graad 12:** ***(Die leerders skryf in die saal).***
Eerste sessie: Die sessie begin om 07:30. Die leerders begin dadelik skryf en verdaag na die duur van die vraestel. **Alhoewel die Provinsiale vraestelle eers vanaf 09:00 geskryf word, moet die leerders daagliks om 07:30 aanmeld by die saal as hul skryf. Die leerders sal eers verdaag na die duur van die vraestelle.**
Tweede sessie: Die sessie begin om 11:30 en strek vir die duur van die vraestel. Die LO-vraestel sal egter eers om 12:00 geskryf word a.g.v. die provinsiale vraestel wat gedurende die eerste sessie geskryf word. Leerders moet egter om 11:50 reeds by die saal aanmeld.

d) Bogenoemde tye is wanneer die sessies **begin** en die leerders moes **dan reeds aangemeld het by die onderskeie lokale.**

e) Tydens die tweede sessie moet die leerders om 11:15 aanmeld, en hulle begin om 11:30 skryf. Die leerders verdaag aan die einde van die vraesteltyd, Bv. as dit 'n 2-uur vraestel is, verdaag hulle om 13:30, ens. en wanneer almal klaar (Graadgroep) geskryf het. Ons versoek ouers om vervoerreëlings daarvolgens te tref.

f) Die dae wat daar geen vak aangedui is nie, kan die leerder tuis bly indien u die onderstaande skeurstrokie voltooi en aandui dat u volle verantwoordelikheid aanvaar vir u kind. Dit is ook belangrik dat u sal verseker dat u kind effektief voorberei.

g) Daar sal 'n eksamenlokaal beskikbaar wees waar leerders kan voorberei indien hul nie tuis kan studeer nie. **LW: Studiesessies onder toesig van personeel, vir leerders wat sekere sessies of dae nie skryf nie, sal daagliks om 13:00 eindig.** Sodanige leerders moet aan die begin van die sessie by hul graadhoofde aanmeld.

h) Graad 8 & 9- leerders skryf in hulle voogklasse in die klasse soos op die toesigrooster aangedui word.

i) Graad 10 & 11: Die indeling word in sleutelverband gedoen. Die inligting sal op die kennisgewingborde geplaas word vir die leerders asook op ons Facebook blad. Dit sal weekliks opgedateer word.

j) Die Graad 12's skryf in die saal, behalwe waar daar met die toesig anders aangedui word.

k) Indien daar enige ekstra klas is wat deur 'n onderwyser gereël word, moet die leerder in **volle skooldrag** geklee wees.

NETHEID EN REËLS TYDENS DIE EKSAMEN

Ouers en leerders moet daarop let dat die skool se GEDRAGSKODE rakende voorkoms en netheid steeds tydens die eksamen geld. Daar sal gereeld voorkomsinspeksie gedoen word. Ons versoek almal se samewerking in die verband om onnodige probleme tydens die eksamentyd te vermy.

- × GEEN SELFONE is toelaatbaar nie.
- × GEEN skryfbehoeftes of sakrekenaars mag oor en weer geleen word nie.
- × GEEN Tippex mag gebruik word nie.
- × Leerders mag SLEGS met 'n BLOU balpuntpen skryf.

Aangesien hierdie eksamen bepalend kan wees vir SLAAG of DRUIP van 'n leerder, rig ons 'n versoek tot alle ouers om toe te sien dat leerders doelgerig sal studeer en die erns van die eksamen deur die leerders besef word.

SAIC- ONREËLMATIGHEIDSKOMITEE

Ouers en leerders moet kennis neem van bogenoemde komitee wat deur die departement by alle skole ingestel is om enige onreëlmatighede tydens toetse en eksamens te ondersoek. Leerders moet hulself asseblief ten alle tyd daarvan weerhou om oneerlik te wees tydens toetse en eksamens. Die gebruik van selfone/ "slim"-horlosies / oorfone in 'n eksamenlokaal word ook as 'n onreëlmatigheid beskou. Indien 'n leerder enige instruksies van die toesighouer verontagsaam kan dit ook lei tot 'n aanmelding by die SAIC-komitee.

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof